GOUDRIF GESKIEDENIS VANAF 9 JUNIE 1984

Alles het begin op 11 Oktober 1969, te Murrypark op die Oos-Rand, toe 45 baanbrekers (stigterslede) 'n woonwa-saamtrek gehou het, waar SAWA 'gebore' is. Die hoekstene van dié ter stigte organisasie was gebaseer op Christelike beginsels, om jou woonwa te gebruik in die geselskap van mede kampvriende en om die natuur ten volle te geniet. Soos die maande aangestap het, het SAWA gegroei van krag tot krag. SAWA is later in streke verdeel en Streek Wesrand (die hele westelike Witwatersrand) het in 1970 afgestig van Streek Oos-Rand, wat toe en tans nog, die moederstreek van SAWA is. Nodeloos om te sê, het die belangstelling in SAWA gegroei tot 'n groot entosiasme, wat weer gelei het tot die afstigting van Streek Goudstad in 1972 (vanaf Streek Wesrand). Streek Goudstad het geografies op daardie stadium die westelike deel van Johannesburg bedien en Streek Wesrand, alles verder wes. Geleidelik het die behoefte ontstaan, nadat Streek Wesrand te lomp begin word het, om 'n verdere afstigting in SAWA te oorweeg. Na baie samesprekings en beraadslaging is daar besluit om die groter Randfontein-omgewing te wete Randfontein, Carletonville, Westonaria en Fochville te laat afstig vanaf Streek Wesrand. Vir dié geografiese gebied, het die groot dag op Saterdag 9 Junie 1984 aangebreek, met die stigting van Streek Goudrif tydens 'n saamtrek te Riebeeckmeer op Randfontein. Onder leiding van Sam Odendaal, een van die nuwe streek se stigterslede en reeds op daardie stadium 'n jarelange Sawanant, is die naam GOUDRIF gekies. Later het weer vanaf Streek Goudrif, Streek Noordwes met Potchefstroom as basis, in 1997 afgestig. Einde 2018 verdeel die helfte van die Goudriflede na Streek Wesrand, wat baie swaargekry het.

Die eerste Goudrif Voorsitter in 1984, was Jannie Barnard opgevolg deur Henry Stewart in 1987 en daarna Robbie Masser in 1989. Toe was Anlizelle Masser in 2004, opgevolg deur Edwin Blatt in 2005 en daarna weer Robbie Masser in 2006. Johan Fouchee neem in 2007 oor, opgevolg deur Neil de la Hunt van der Merwe in 2015 en Marinda Hattingh in 2017. Einde 2018 keer Johan Fouchee terug, waar hy tans nog diens doen.